



28 November 2019

Geagte personeel, ouers, lede en vriende

## LAASTE BOODSKAP VANAF DIE BESTUUR VIR 2019

Hierdie is die laaste kommunikasie vanaf die bestuur se tafel vir hierdie jaar. 'n Jaar waar ons baie het om voor dankbaar te wees, te veel om uit te sonder. Ons begin deur elke leerling, ouer, lid en vriend van die skool en veral ons personeel te bedank vir hul positiewe bydraes en harde werk in 2019. Ongelukkig was daar soms hartseer en teëspoed in ons gemeenskap, ons bede is dat ons Hemelse Vader daar vertroosting en uitkoms sal gee.


Aan die einde van die jaar, kyk 'n mens graag terug, maar ons kyk met opgewondenheid na wat voorlê. Die bestuur maak van hierdie geleentheid gebruik om kortliks terugvoer te gee oor die strategiese beplanning waarmee ons besig is.

U weet reeds van die meningsopname wat gedoen is. Daar was 'n goeie reaksiekoers en baie waardevolle inligting is ingesamel. Die meningsopname se resultate, asook gesprekke met die personeel het die bestuur in staat gestel om strategiese areas te identifiseer.

Almal is dit eens dat die gereformeerde karakter van die skool die heel belangrikste is. Dit moet dus alles oorkoepelend wees en dit moet sigbaar wees in alle ander strategieë en aksies. Daar is besluit om te fokus op drie strategiese areas naamlik:

- gehalte onderrig
- buitemuurse aktiwiteite
- bemarking by Gereformeerde Kerke (en oor die algemeen).

Hierdie drie strategiese areas verdeel in onderafdelings met doelwitte vir die kort-, medium- en langtermyn. Die diagram hieronder gee 'n vinnige oorsig.



GSDP se bestuur gaan in 2020 verskeie kommissies op die been bring om op elke onderafdeling te fokus. Ons gaan dit in noue samewerking met die personeel doen om sodoen-de die oorgang van strategie na aksie te verseker. Die idee is beslis nie om die personeel se werkslading te verhoog nie, maar eerder om hulle te ondersteun in die uitvoering van hul belangrike take.

Die volgende tabel is 'n opsomming van die raamwerk se eerste konsep. Neem asseblief kennis dat dit nog nie gefinaliseer is nie.

|                        |                  |                 |                                 | 1 - 11 mnde | 1 - 4 jaar | 5jaar + |
|------------------------|------------------|-----------------|---------------------------------|-------------|------------|---------|
| Gereformeerde Karakter | Gehalte onderrig | Personeel       | Personeelvergoeding             | ✓           | ✓          | ✓       |
|                        |                  |                 | Personeelsamesprekings          | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Werkslading                     | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Pensioenfonds                   |             | ✓          |         |
|                        |                  |                 | Babaklas vir personeel          | ✓           |            |         |
|                        |                  | Leerstof        | Kommunikeer ondersoek           | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Graad 7- 9                      |             | ✓          |         |
|                        |                  |                 | Lewensvaardigheid               | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Praktiese geleentheid           |             | ✓          |         |
|                        |                  | Fasiliteite     | HS-klasse op een terrein        |             | ✓          |         |
|                        |                  |                 | Werkspasie Verbruikerstudie     | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Parkering - afdakke             |             | ✓          |         |
|                        |                  |                 | Skoolklok                       | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Kleuterskoolperseel             |             |            | ✓       |
|                        | Tegnologie       | IGO, RTT en IT  |                                 | ✓           |            |         |
|                        | Buitemuurs       | Sport           | Sportorganiseerder / assistent  | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Kommunikasie oor sportgronde    | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Sportgronde                     |             |            | ✓       |
|                        |                  |                 | Afrigters                       | ✓           |            |         |
|                        |                  | Kultuur         | Kultuursentrum                  |             |            | ✓       |
|                        |                  |                 | Organiseerder                   |             | ✓          |         |
|                        | Bemaking         | Gemeentes       | Briewe aan gesinne met kleuters | ✓           |            |         |
|                        |                  |                 | Algemeen                        | Webtuiste   | ✓          |         |
|                        |                  | Ope dae         |                                 | ✓           |            |         |
|                        |                  | Boustene-kursus | ✓                               |             |            |         |

Indien u by enige van hierdie kommissies betrokke wil raak, kontak gerus die onderstaande bestuurslede. Hierdie lede sal nie noodwendig die kommissies lei nie, maar dien as kontak-punt. Ons sien daarna uit om hierdie saam met u almal aan te pak:

- Personeel: Jan Drijfhout (083 301 2901) / Susan Mathee (082 305 9939)
- Leerstof: Saskia Meijer (082 491 4965) / Freek van der Meer (083 956 8359)
- Fasiliteite: Henk van der Veen (082 576 3332)
- Tegnologie: Jan Drijfhout (083 301 2901)
- Sport: Adri van de Wetering (082 619 1608)
- Kultuur: Jan Drijfhout (083 301 2901)
- Bemaking: Henk van der Veen (082 576 3332) / Saskia Meijer (082 491 4965)

Die bestuur wens u almal 'n geseënde vakansie toe waar ons die geboorte van ons Verlosser mag vier. Mag u elkeen die vrede en die genade van ons Hemelse Vader beleef en mag almal in Januarie 2020 weer veilig by ons aansluit.

Die uwe

A handwritten signature in black ink, consisting of several overlapping loops and a vertical stroke on the left side.

---

**Mnr Jan Drijfhout**

Voorsitter: GSDP-Bestuur